FINTECH 75

SAMESTELLING	Fintech 75 HPK	Mengsel 1
Nutriënt	**g/kg**	**g/kg**
Ruproteïen (min.)	460	118.5
Ekwivalente Ruproteïen vanaf NPN (maks.)	62.4%	16.3%
Ureum (maks.)	100	6.7
Vog (maks.)	120	120
Ru-vet (min.)	14	25
Ru-vet (maks.)	30	75
Ruvesel (maks.)	120	150
Kalsium (min.)	65	5.5
Kalsium (maks.)	120	7.54
Fosfor (min.)	5	2.52
Ca:P Verhouding	6.7-13:1	
Magnesium (min.)	5.8	
Sulfaat (min.)	9	
Kalium (min.)	33	
Yster (min.)	233 mg/kg	
Koper (min.)	53 mg/kg	
Mangaan (min.)	166 mg/kg	
Sink (min.)	345 mg/kg	
Kobalt (min.)	0.86 mg/kg	
Jodium (min.)	4 mg/kg	
Selenium (min.)	0.53 mg/kg	

VOER AANBEVELINGS

- Hierdie is 'n hoë energie voer en diere moet aangepas word.
- Voldoende weiding/ruvoer moet deurgaans beskikbaar wees.
- 'n Gereelde daaglikse inname kan rumen verteringsteurnisse help voorkom.
- Hou bakke vol om gulsige vreet deur honger diere te voorkom.
- Stoor in 'n koel, droë plek, weg van direkte sonlig.

Vorm: Meel | Verpakking: 40 kg sakke

MENG INSTRUKSIES

Bestanddele	Kg
Mieliemeel, Hominy chop, Koringsemels[1]	400
Molassemeel[2]	80
Fintech HPK	50
Gemaalde Hooi (30mm)	120
Koringsemels	100
TOTAAL	750

- [1]Mieliemeel (80g/kg proteïen op soos gevoer basis).
- [2] Indien melassemeel/stroop nie gebruik word nie kan dit in gelyke hoeveelhede deur 'n energiebron (bv. mielies) vervang word.

Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegniese Adviseur oor die korrekte gebruik en aanbevelings met ander grondstowwe.

Hoë kwaliteit konsentraat vir groei en afrond van beeste

- Geskik vir vermenging van voere vir groei en afronding van beeste.
- Finale mengsels voorsien optimale kwantiteit en kwaliteit energie, natuurlike proteïen, NPN, minerale en spoorminerale vir maksimum prestasie.
- Finale mengsel voorsien voldoende rumen verbyvloeiproteïen en energie vir verbetering van GDT.
- Word aanbeveel vir voerkraalbeeste.

VOERINSTRUKSIES

1. Beskerm hierdie veevoer teen reën. NPN (Bv. Ureum) is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
2. Moet nie hierdie veevoer onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoere voer nie. Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegniese Adviseur vir die nodige aanbevelings.
3. Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Behandeling: Meng met gelyke hoeveelhede water en doseer 'n halwe bottel per kalf of groot skaap en 2 tot 4 bottels per bees (1 bottel = 750ml).
4. Pas diere geleidelik oor 14 dae aan op Fintech 75 mengsel om suurpens te voorkom.
5. Diere moet vrye toegang hê tot Fintech 75 mengsel.
6. Voorsien voldoende kripspasie om oorvreet te voorkom.
7. Ruvoer moet ten alle tye *ad lib* beskikbaar wees.
8. Riglyne vir inname: Inname sal bepaal word deur die ouderdom en massa van die diere.

AANBEVOLE INNAME

Geleidelike aanpassings oor periode van 14 dae is uiters belangrik	
Dag 1-4	Beperk inname van mengsel tot 3kg of 1.4% van liggaamsmassa en hooi *ad lib*
Dag 5-10	Beperk inname van mengsel tot 4kg of 1.8% van liggaamsmassa en hooi *ad lib*
Dag 11-14	Beperk inname van mengsel tot 5kg of 2.3% van liggaamsmassa en hooi *ad lib*
Dag 15+	Voer 2.4% - 2.6% van liggaamsmassa en hooi *ad lib* indien diere geen tekens van suurpens toon nie. Diere behoort 90% van hul totale voer inname in te neem in die vorm van die finale mengsel.

WAARSKUWING
Hierdie veevoer bevat 'n NPN bron en geregistreerde medikamente.
Voer streng volgens voorskrifte.
Vir medikament besonderhede sien bykomende sak etikette.

Klas: KONSENTRAAT VIR VOLLEDIGE BEESAFRONDVOER
Reg. nr.: V20360 – Wet 36/1947 | AFGRI Produkkode: R1172

AFGRI ANIMAL FEEDS

12 Byls Bridge Boulevard, Highveld Ext 73, Centurion
Tel: +27 11 063 2347, afgrianimalfeeds.co.za